Kurrikulum Direktoraat: AOO			LESPLAN
Vak	**Afrikaans EAT**	**Kwartaal**	**1**
Graad	**6**	**Week**	**1**
Aanbeveling	➢ Voer informele, gestandaardiseerde basislynassessering en -oriëntering gedurende die eerste 3 dae van die kwartaal in Week 1 (Dag 1 tot 3) uit. ➢ Die data kan dan gebruik word om leergapings te identifiseer. ➢ Hierdie inligting kan dan gebruik word om daaropvolgende onderrig- en leeraktiwiteite in te lig.		
Skakel met onderrig–en assesseringsplan	**Luister en Praat** – Luister na `n storie. Gebruik `n teks van `n handbook of uit die onderwyser se hulpbronne. **Lees en Kyk** -Leesbegrip: Luister na `n storie. Gebruik `n teks van `n handbook of uit die onderwyser se hulpbronne. Pre-lees: Voorspel na aanleiding van die titel en prente. Gebruik leesstrategieë:gebruik kontekstuele leidrade om die betekenis van nuwe woorde te vind. Bespreek intrigue, plek/ruimte en karakters. Bespreek die volgorde van gebeure. Beantwoord vrae oor wat eerste,tweede,ensovoorts gebeur het.Vrae en beantwoord meer komplekse vrae. Spreek eie opinie uit en motiveer die opinie. Bespreek hoe die karakters `n bepaalde siening van die wêreld verteenwoordig. Bespreek die rol wat visuele beelde speel. Bespreek alternatiewe maniere van aanbieding van karakters. **Skryf en aanbied –** Skryf `n eenvoudige storie: Gebruik die storie struktuur as `n raam. Gebruik verbeeldingsryke taal en `n uitgebreide woordeskat.Verbind sinne tot `n samehangende paragraaf deur voornaamwoorde,verbindingswoorde. Gebruik gepaste grammatika,spelling en punktuasie.Gebruik konsekwent die korrekte tydsvorm.Gebruik die woordeboek om spelling en betekenis na te gaan. **Taalstrukture en Konvensies –** Werk met woorde. Bou op kennis van hoëfrekwensiewoorde. Alfabetiese rangskikking. Klankgrepe en lettergrepe. Afleiding, samestelling, voor en agtervoegsels. Sinonieme en antonieme. Skryf woorde en hul betekenis in `n persoonlike woordeboek		
Inleiding	**TEMA: Die geskenk**		
Konsolidasie	Leerders voltooi grondlyn assessering wat hul kennis toets van die vorige graad se werk, gebaseer op die fundamentele beginsels, Luister en Praat, Lees en Kyk, Skryf en Aanbied, Taalstrukture en Konvensies.		

Papiergebaseerde bronne:	**Digitale bronne:**
DBO-werkboek Flitskaarte met woordeskat Tekskenmerke Werkkaart met vrae Uitknipstorie Woordeboek	https://wcedeportal.co.za/curriculum-supporthttps://wcedeportal.co.za/partners/#103031

	VAARDIGHEDE **(WAT ek gaan onderrig / begelei / ondersteun ...)**	**ONDERRIGMETODOLOGIEË / BENADERING** **(HOE ek gaan onderrig / begelei / ondersteun ...)**	**Hulpbronne / LOOM** **(WAT ek gaan gebruik om te onderrig / begelei / ondersteun ...)**
AKTIWITEITE VIR DIE ONDERWYSER	**Luister en Praat**	- Opvoeder lees/speel audio `n gepaste storie vir leerders. Leerders luister na storie. Opvoeders stel vrae aan leerders om te toets wat	

		hulle weet en na hul luistervaardighede.	
	Lees en Kyk	- Opvoeder bespreek met leerders die titel en prent op die voorblad van die boek of prent in begriptoets. Leerders moet voorspel wat dink hulle behels die storie. - Leerders lees die storie en skryf neer nuwe woorde in hul skryfboek. - Opvoeder bespreek met leerders die volgende: intrigue, plek/ruimte en karakters. - Opvoeders bespreek die volgoorde van gebeure. Leerders moet hul eie opinie kan weergee en motiveer hoekom hulle so sê. - Leerders moet kan sê hoe die karakters vergelyk met die alledaagse lewe. - Opvoeder bespreek die visuele beelde -Leerders voltooi begriptoets.	
	Skryf en Aanbied	- Opvoeder gee aan leerders `n skryfraam en skryf storie gebaseer op tema wat opvoeder aan leerders gee. - Opvoeder doen les met leerders oor voornaamwoorde en verbindingswoorde. - Opvoeder doen les oor grammatika en punktuasie. - Leerders doen spelaktiwiteit. Elke leerder is in besit van woordeboek.	
	Taalstrukture en Konvensies	Werk met woorde - Hoëfrekwensiewoorde Alfabetiese rangskikking Klankgrepe en lettergrepe Afleiding, samestellings - Voorvoegsels, - Sinonieme en Antonieme	

		- Skryf nuwe woorde se betekenis by woordelys in skryfboek. Maak sinne,tekeninge of verduidelik die betekenis va woorde	
 AKTIWITEITE VIR DIE OUER		Luister aandagtig na leerders en vra wat het hulle geleer. - Vra vrae soos wat,watter,wie en hoekom. - Leerder moet in volsinne antwoorde weergee.	
 AKTIWITEITE VIR DIE LEERDER	- Leerders voltooi onderstaande aktiwiteite.		

<u>Aktiwiteit 1</u>

<u>Luister en Praat</u>

Opvoeder lees `n gepaste storie vir leerders.

<u>Aktiwiteit 2</u>

<u>Lees en Kyk</u>

'n Storie uit Namibië.

<u>NUWE WOORDE</u> – *(Bespreek die woorde vooraf en skryf dit neer in 'n persoonlike woordeboekie)*

beeld: *carving* – 'n kunswerk wat 'n mens uit hout of klei kan maak (wat soos 'n mens of dier lyk)
doringdraad : *barbed wire* – 'n draad met skerp punte soos dorings
duin: *dune* – 'n groot hoop sand
myn : *mine* – 'n plek waar koper, yster of ander stowwe uit die grond gehaal word.
oggendster: *morning star*- 'n ster wat vroeg in die oggend nog helder skyn.
padkos: *Food for the journey* – kos wat 'n mens inpak om te eet terwyl jy reis.
pitte: *pipps* – die saad binne-in vrugte ,groente en sekere plante
verdwyn: *disappear* -wegraak (as die bok verdwyn kan dit nie meer gesien word nie)
woestyn: *desert* – 'n baie droë plek

Mati se drie geskenke

1. Mati woon saam met sy ma en sy oupa in 'n klein huisie in die woestyn in Namibië. Sy pa werk in 'n myn 'n hele ent daarvandaan. Hy werk baie hard en kom byna nooit huis toe nie

2. Op 'n dag roep sy ma hom. "Mati ,ek moet na jou pa toe gaan", sê sy. Sal Ma lank weg wees?" vra Mati." Ek weet nie. Ek moet daar wees totdat die baba gebore is. Maar Oupa is hier, hy sal na jou kyk," verduidelik sy ma. "Kan Ma nie die baba hier by ons kry nie? "vra Mati. "Nee Mati, daar is 'n hospitaal in die myndorp. En ek wil naby jou pa wees, sê sy ma.

3. Die volgende dag gaan Mati se ma weg. Die huis is stil sonder haar. Oupa Nampa sien dat Mati baie na sy ma verlang. "Hoekom maak jy nie iets vir jou ma nie?' stel hy voor. " Dis 'n goeie plan!' roep Mati opgewonde uit. Geduldig leer die ou man sy kleinseun om 'n beeld uit hout te kerf. Mati leer gou. Dag en nag werk hy. Hy maak 'n mooi houtbeeld van 'n gemsbok.

4. Toe die beeldjie klaar is , sê Mati: "Oupa ,ek wil dit vir my ma gaan gee!" Oupa Nampa dink n rukkie na en toe antwoord hy: " Nou goed, my kind, gaan maar na jou ma toe. Vat die donkiekar. Maar onthou, die pad is lank en die woestyn is warm. Neem genoeg kos en water saam."

5. Daardie aand span Mati die donkies voor die donkiekar in. "Oupa, hoe sal ek by die myndorp kom?" vra hy. Oupa Nampa wys na die ooste: " Ry in die rigting wat die maan in die nag en die son in die dag opkom. Daar sal jy jou pa se huis maklik kry. Langs die huis is 'n groot watertenk. Die tenk staan op 'n groot duin. Toe, toe, toe, jy moet nou ry. Totsiens Mati."

6. Dis 'n helder nag. Die maan is byna vol en die sterre skitter. Ek sal more daar wees! Dink Mati bly. 'n Ruk later sien hy 'n ou man langs die pad staan. " Kan ek asseblief saamry?" vra die ou man. My huis is verder met dié pad langs." "Sekerlik, Oupa , klim in!" sê Mati. " Dan is ek nie so alleen nie."

(Lees sonder grense, Die seekoei boek, Afrikaans EAT Graad 6)

Beantwoord die volgende vrae:

1. Waar het Mati en sy ma gewoon?

_____

2. Waarom het Mati se ma na sy pa gegaan?

_____

3. Hoe het Mati gevoel oor sy ma wat moes weggaan vir 'n tydjie?

_____

4. Dink jy dit was n goeie idee om alleen te gaan kuier vir sy ma? Waarom sê jy so?

_____

_____

5. By wie het Mati geleer om hout beeldjies te maak?

_____

6. In elke sin is daar een verkeerde word. Vind die verkeerde woord, onderstreep dit en skryf die korrekte woord op die lyn.

6.1. Mati woon in 'n klein huisie by die see in Namibië. _____

6.2. Mati se ma gaan weg; sy gaan na Mati se ouma toe. _____

6.3. Hy ry met 'n fiets na sy ma toe in die myndorp. _____

6.4. Mati maak 'n mooi pot vir sy ma uit hout uit. _____

7. As jy vir jou ma 'n beeldjie kon maak, hoe sou dit gelyk het? Teken dit en sit byskrifte by.

Aktiwiteit 3

Skryf en aanbied

Skryf jou eie storie van 150 woorde oor die dag wat `n dief jou geld (of iets anders) gesteel het. Jy kan eers jou storie volgens `n kopkaart doen.



_____

_____

_____

_____

Aktiwiteit 4

Taalstrukture en Konvensies.

Vraag 1

Sê die alfabet hardop. Let op hulle uitspraak.

A B C D E F G H I J K L M N O P Q R S T U V W X Y Z

Lees die grappie en sê vir mekaar wat snaaks is.

(a) Wat is verkeerd met die alfabet in hierdie grappie?

_____

_____

(b) Hoekom, dink jy, het dit gebeur?

_____

_____

(c) Rangskik die volgende woorde alfabeties: brief, vriend, adres, geld , rekenaar, beursie.

_____

_____

Vraag 2

Bou woorde met voorvoegsels en agtervoegsels

(a) Ge + stamp = _____

(b) Vrou = lik = _____

Bou woorde as samestellings

(a) Bok + ooi = ……..
(b) Doring + boom = ……
(c) Ge + klop = ……..
(d) Boom + pie = ……
(e) Bok + ke = ……
(f) Vriend + e = ……..
(g) Vriend + skap = ……..

Vraag 3

Antonieme

Skryf die korrekte antoniem vir elke woord.

warm huil kort regs fluks raak

lank		links	
lui		lag	
koud		mis	

Lettergrepe

Skryf die woord in lettergrepe.



volstruis	
fluitjie	
sprokie	
tande	
plante	

Sinonieme

Skryf die korrekte sinoniem vir elke woord.

heerlik hoflik lieg luid maer miskien

hard		jok	
skraal		lekker	
beleef		dalk	